430.E3.2.2

# Vir Rapport.

## 'n Waardering van die bydrae van Thabo Mbeki tot die Politiek in SA:

My eerste ontmoeting met Thabo Mbeki was in middel 1985 in Lusaka. Met sy bedanking as President van SA in Sept. 2008 word ek, in nabefragting, oorval met 'n gevoel van teenstrydighede, misplaaste hoop en teleurstelling.

Met ons eerste ontmoeting was ek leier van die Amptelike Opposisie in die Blanke Driekamer Parlement. Die verskuiwing na 'n Drie Kamer Parlement om 'n spesiale Parlement vir afsonderlik, Indiërs en sg. Kleurlinge, te skep, was hoofsaaklik gebaseer op die aanname dat Swart Suid-Afrikaners "afsonderlik" en buite 'n gemeenskaplike Parlementêre opset ge-akkommodeer moet word. Kortweg, Swart Suid-Afrikaners is van toe af nie as mede-burgers van SA aanvaar nie. Vir my was dit nie slegs polities onbegryplik nie maar moreel totaal onaanvaarbaar. Ek bedank Feb 1986 uit die Parlement en die party politiek. Alex Boraine volg kort op my hakke en saam stig ons, in Julie 1986, IDASA (Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir SA). Die basiese uitgangspunt van IDASA was om gesprek tussen blank (hoofsaaklik jong Afrikaanssprekendes) Suid-Afrikaners en Swart Suid-Afrikaners te bevorder.

My eerste, en daaropvolgende ontmoetings, met Thabo Mbeki;

was 'n belangrike dryfveer vir bg. soortlike optredes. Ek
kon net nie glo dat een van die leiers van die
"bevrydingstryd" ~~so~~ met soveel intelligensie, nuuskierigheid en
veral humorsin, hom so van sy taak kon kwyt nie. Ek was
totaal oordonder deur sy vriendskap en warmte, en dit was
ook die oorweldigende impak wat hy gehad het op
die "Dakar-gangers" in Julie 1987. Mark Gevisser in
sy monumentale biografie oor Mbeki, (A Dream Deferred), spot
so 'n bietjie oor hoe maklik en suksesvol, veral
blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners met wie hy
in aanraking gekom het, gesjarmeer het. En dit was
waar. Daar was ~~nog~~ net die Dakar byeenkoms nie;
konferensies is gereël in Ghana, Burkino Faso, Nigerië,
Mosambique en Zambia.

Die mite, (en ek gebruik die begrip doelbewus), wat
in die tyd bestaan het, was dat die ANC in
bannelingskap eintlik die "bevrydingstryd" binne SA.
gelei het, en dat Thabo Mbeki en OR Tambo die voorbokke was. Feit
is, dat die instelling van die Drie-Kamer Parlement
die grootste en langste binnelandse opstand teen "die
regime" ontketen het, en dat SA. bestuur deur 'n
Nasionale Veiligheidsmagsisteem regeer is. So het die "underground"
beweging tot stand gekom wat binnelandse opstande ontketen
het. Op 'n dag het ek Mbeki in Lusaka en vra hoe kan ek met
die "underground" in aanraking kom. Hy sê: "Jy kan
nie; hulle sal met jou in aanraking kom." So bevind ek

my op 'n aand in 'n klein Township huisie in New Brighton waar 4 jong mans met ~~b~~ balla-clavas aan met my gesels. Tot vandag toe weet ek nie wie hulle was nie. Ek sê vir hulle IDASA wil graag reële gesprekke ~~met~~ tussen jong "township" mense, en jong blankes, en sou hulle bereid wees om saam te werk. Hulle sê, hulle sal later kontak maak. Twee weke later bel een iemand my en sê ons kan "township" vergaderings reël. Ons het baie meer binnelandse gesprekke gereël as buitelandse gesprekke, bv. Dakar, veel ~~ate~~ alhoewel die buitelandse gesprekke meer publisiteit geniet het.

Intussen het Genl Ramaphosa en Olaus van Zyl (toe Admin: van die Tvl), besluit, en so die Metropolitaanse Kamer gestig; Ek is gevra om Voorsitter te wees. Die doel was om die belasting boikot van Soweto op te hef, om ~~daar~~ veral 'n vir "demokratiese plaaslike owerheid ~~bedeling~~ opset". "binnelandse onderhandeling" wat ~~gesetel~~. Cyril was die eerste wat met 'n halwe siniese glimlag na my geluister het, wanneer ek lofliedere oor Thabo Mbeki gesing het. Ek sou eers heelwat later besef hoekom. Intussen het dit die "binnelandse" opstand bv. UDF ~~ens~~, NUM ens. gepas om die mite van 'n buitelandse bevrydingstryd aan die lewe te hou. Dit het die interne konflik in SA 'n internasionale dimensie gegee, en die "buitelanders" nl. Thabo Mbeki, O.R. Thambo en andere, geweldige aanhang gegee in die

anti-apartheidstryd in Europa, VSA en Sowjet-Unie. En tog, in Moscow het ek in 1989 vir die eerste keer, van die anti-apartheidstryders ervaar met watter sinisme hulle die buitelandse prekwaaiers van die ANC ~~bepaal~~ het. Vooraan vir hulle was Thabo Mbeki wat hulle, so sê hulle, net in drank en vroumense belanggestel het. Ek was kwaai ontsteld en het hom hand en tand verdedig.

In Julie 1989 hou IDASA in Marle-le-Roi in Frankryk 'n vergadering oor 'n toekomstige ekonomiese beleid vir SA. Alec Erwin was ook daar en het met groot entoesiasme 'n kommunistiese ekonomiese beleid as enigste ~~weg~~ uitweg verkondig. ~~Kort~~ In Nov. 1989 val die Berlynse muur en is internasionale sosialisme/kommunisme ~~as~~ vir alle praktiese doeleindes morsdood. Ek was toe in Oxford as buitelandse student by All Souls. Op 2 Feb 1990 maak de Klerk sy dramatiese toespraak waarin alle Apartheidswette opgehef word, Mandela vrygelaat word en die buitelandse ANC terugontbied word na SA. toe. Ek eet die volgende dag middagete met Thabo en Aziz Pahad in London. Thabo Mbeki is bleek geskrik en sê herhaaldelik: "Wat de hel gaan ons nou maak". Die vryheidstryd is verby en nou moet die bevryders kom en presteer.

Mandela word President en Mbeki vise-President.
Ek sien Mbeki kort hierna by Aziz Pahad se woning op 'n Saterdag,
en hy nooi my Sondag-aand ~~by~~ na sy woonstel in Killarney,
om drankie te kom maak. Hy vra my wat sou ek
maak as ek Vise-President sou word. Ek sê, ek sou
soveel bevoegde groepe aanstel as wat ek kan, om
my te adviseer oor sake waaroor ek beter min, of
geen kennis ~~het~~ dra nie. Sy oë word klipharde en dis die
einde van ons gesprek. Tot vandag toe kan ek
dit nie begryp nie, tensy hy gedink het dat ek
suggereer dat, omdat hy swart is, hy onkundig is. Ja-
~~Tot vandag~~ gee ons verhouding tot dan, is dit
onmoontlik.

Die oorgang van Mbeki "die bevryder" na Mbeki
"die regeerder" het my totaal ~~[illegible]~~ oorbluf. Ek
het nooit kon dink dat so 'n persoonlikheids
metamorfose moontlik was nie. Oornag het hy polities
poulik geraak; handjies gedurig vroetelend, formele [illegible]
wanneer hy praat en feitlik totaal ontoeganklik. Dit was
vir my ~~totaal~~ heeltemal onvoorstelbaar dat 'n mens sigself so ernstig kon
opneem. Hoe meer ek terugdink aan die ou "struggle dae" hoe
meer onverklaarbaar het dit vir my geword.

Genoeg is al geskrywe oor sy beleidstoepassings: oor Vigs,
Zimbabwe, die relatiewe sukses van sy ekonomiese beleid, veral

onder Trevor Manuel; sy internasionale en Afrika-prestasies ens. My grootste wens is dat, wanneer hy uit enige formele amp is, die ou Mbeki weer sal herleef; toeganklik, vol humor, selfanalities en bowenal vriendelik.

---